| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/ JUNIE 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **GROOTTOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit ’n AFDELING A en ’n AFDELING B soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die KABV dokument.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA IN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE - ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERREGTE PROTES NA DIE 1950’S: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING.

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIÈTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950’s TOT DIE 1970’s: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. ***AFDELING A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Die nodige bronmateriaal word in die ADDENDUM vervat.

3. ***AFDELING B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

4. Antwoord ***DRIE*** vrae soos volg:

   4.1 Ten minste ***EEN*** moet ’n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** moet ’n opstelvraag wees.

   4.2 Die ***DERDE*** vraag kan ’n brongebaseerde vraag óf ’n opstelvraag wees.

5. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook met die beantwoording van die vrae getoets.

6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal jou benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die numeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar en antwoord slegs in blou.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Antwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie Afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word vir die beantwoording van die vrae is ingesluit in die ADDENDUM.*

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE SOWJET-UITBREIDING IN EUROPA NA DIE TWEEDE WÊRELD OORLOG TEȀGESTAAN?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Gee TWEE redes uit die bron waarom die Verenigde State "'n ongekende globale vredestyd militêre masjien gebou" het na die Tweede Wêreldoorlog. (2x1) (2)

1.1.2 Haal 'n frase uit die eerste paragraaf aan wat die stelling dat die Verenigde State "tradisies van anti-militarisme" gehad het ondersteun. (1x1) (1)

1.1.3 Gebruik die bron om DRIE lande in Europa waar die Verenigde State se soldate lank na die einde van die Tweede Wêreldoorlog vertoef het, op te noem. (3x1) (3)

1.1.4 Gebruik die bron om te verduidelik waarom die Verenigde State se betrokkenheid by die Koue Oorlog so baie gekos het. (2x2) (4)

1.1.5 Gebruik jou eie kennis en verduidelik TWEE redes waarom die Verenigde State die Sowjetunie na die Tweede Wêreldoorlog as 'n vyand beskou het. (2x2) (4)

**[14]**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE goed, in die bron genoem wat weens die wêreldwye verspreiding van kommunisme bedreig kan word. (2x1) (2)

1.2.2 Identifiseer die president van die Verenigde State. (1x1) (1)

1.2.3 Definieer die begrip *vaspenning (inperking)* in jou eie woorde. (1x2) (2)

1.2.4 Verduidelik wat binne die konteks van die Trumanleerstelling geïmpliseer word met die stelling, "Truman het besluit dit is tyd dat die Verenigde State die rol van wêreldleier moet oorneem". (2x2) (4)

1.2.5 Bespreek EEN ooreenkoms in die inligting in Bronne 1A en 1B rakende die Verenigde State se reaksie teenoor die Sowjet-bedreiging na die Tweede Wêreldoorlog. (1x2) (2)

**[11]**

© SACAI KOPIEREG

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Watter TWEE groepe was die Verenigde State volgens die bron bereid om te ondersteun? (2x1) (2)

1.3.2 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom die Sowjetunie teen kapitalisme gekant was. (1x2) (2)

1.3.3 Gebruik die bron om te verduidelik wat die skrywer bedoel met 'Amerikaanse uitbreiding'. (1x2) (2)

1.3.4 Bespreek die TWEE verskillende sienings oor die Marshall plan wat in die bron genoem word. (1x2) (2)

1.3.5 Gee TWEE voorbeelde vanuit die bron te gebruik waarom die bron as bevooroordeeld beskou kan word. (2x2) (4)

**[12]**

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Wie is die leier van die Sowjetunie wat in die spotprent voorkom? (1x1) (1)

1.4.2 Watter simbool word in die spotprent gebruik om die Sowjetunie te verteenwoordig? (1x1) (1)

1.4.3 Waar is die spotprent gepubliseer? (1x1) (1)

1.4.4 Waarom, dink jy was dit vir die Sowjetunie belangrik om die "Europese Herstelprogram" te "keer"? (1x2) (2)

**[5]**

1.5 Deur die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf ŉ paragraaf van TIEN tot VYFTIEN reëls waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State die Sowjetunie se uitbreiding in Europa na die Tweede Wêreldoorlog teëgestaan het. **[8]**

## TOTAAL VRAAG 1: [50]

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat het, volgens die bron, in Angola onder Kissinger se aandag gekom? (2x1) (2)

2.1.2 Identifiseer die TWEE Afrika-leiers wat gewaarsku het oor die Sowjet-rol in Angola. (2x1) (2)

2.1.3 Noem DRIE gevolge, volgens Kissinger, sou die Verenigde State nie Sowjet-aktiwiteite in gevalle soos in Angola teëstaan nie. (3x1) (3)

2.1.4 Gebruik die bron om EEN rede vir die betrokkenheid van die Verenigde State in Angola te bespreek. (1x2) (2)

2.1.5 Verduidelik waarom Kissinger as bevooroordeeld beskou kan word. Staaf jou antwoord met TWEE voorbeelde uit die bron. (2x2) (4)

**[13]**

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Watter TWEE lande het steeds die VSA se streeksbondgenote in Angola gebly? (2x1) (2)

2.2.2 Wat het volgens die bron die MPLA van die nodige inkomste voorsien om as 'n regering te funksioneer? (2x1) (2)

2.2.3 Definieer die begrip *Burgeroorlog.* (1x2) (2)

2.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te bewys dat die Angolese oorlog ŉ proxy-oorlog (volmagoorlog) gedurende die Koue Oorlog was. (2x2) (4)

2.2.5 Gebruik die bron en jou eie kennis om TWEE redes vir Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese oorlog te verduidelik. (2x2) (4)

2.2.6 Lewer kommentaar op EEN verskil in die inligting in Bronne 2A en 2B rakende die VSA se rol in Angola. (1x2) (2)

**[16]**

© SACAI KOPIEREG

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Na wie verwys Castro wanneer hy sê "Afrika-bloed vloei vrylik deur ons are"? (2x1) (2)

2.3.2 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom Kuba 'n vyand van die VSA was. (1x2) (2)

2.3.3 Gee TWEE redes en verduidelik waarom Kuba geglo het dat dit die plig van die Kubane was om die nuwe MPLA-regering in Angola te verdedig. (2x2) (4)

**[8]**

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Watter land word voorgestel as die een wat die sigaar in die spotprent vashou? (1x1) (1)

2.4.2 Verduidelik die boodskap wat in die bron uitgebeeld word. Staaf jou antwoord. (1x2) (2)

2.4.3 Waarom dink jy het *Die Burger* die spotprent gepubliseer? (1x2) (2)

**[5]**

2.5 Gebruik die inligting in die bronne sowel as jou eie kennis om 'n paragraaf van TIEN tot VYFTIEN reëls te skryf waarin jy verduidelik waarom die buitelandse magte by die Angolese Burgeroorlog betrokke was tussen 1974 en 1976. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE SEGREGASIE IN DIE 1950's EN 1960'S UITGEDAAG?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Wat het segregasiewette, volgens die bron, in 1955 bepaal? (1x1) (1)

3.1.2 Identifiseer die leier van die Burgerregtebeweging wat in die bron genoem word. (1x1) (1)

3.1.3 Wat word bedoel met Parks as die "moeder van die hedendaagse burgerregtebeweging"? (1x2) (2)

3.1.4 Gebruik die bron om die gevolge van die Rosa Parks-insident te verduidelik. (2x2) (4)

**[8]**

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Noem, uit die bron, DRIE swart tieners wat in die Little Rock Central High School in Little Rock in September 1957 ingeskryf het. (3x1) (3)

3.2.2 Wat het volgens die bron gebeur toe die nege swart studente probeer het om die terrein te betree? (2x1) (2)

3.2.3 Haal 'n frase uit die bron aan wat impliseer dat die Little Rock-insident baie aandag van die media ontvang het. (1x1) (1)

3.2.4 Lewer kommentaar oor waarom Marian Wright Edelman die artikel oor die Little Rock-Nege geskryf het. (2x2) (4)

3.2.5 Verduidelik EEN langtermyn gevolg van die Little Rock-Nege-insident. (1x2) (2)

3.2.6 Verduidelik die beperkings van die bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor hoe die Burgerregtebeweging van die Verenigde State segregasie uitgedaag het. (2x2) (4)

**[16]**

© SACAI KOPIEREG

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Noem DRIE Burgerregte-organisasies wat aan die Selma-veldtog deelgeneem het. (3x1) (3)

3.3.2 Lys, uit die bron, TWEE redes vir die Selma-na Montgomery-opmars. (2x1) (2)

3.3.3 Gebruik bewyse uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom dit vir swartes (Afro-Amerikaners) moeilik was om voor 1965 in die Verenigde State te stem. (2x2) (4)

3.3.4 Verduidelik waarom daar na die eerste Selma-Montgomery – opmars as 'Bloody Sunday' (Bloedige Sondag) verwys word. (1x2) (2)

3.3.5 Vergelyk die bewyse in Bronne 3B en 3C en verduidelik hoe jy die ooreenkoms rakende hoe die Burgerregtebeweging segregasie in die Verenigde State uitgedaag het, sal verklaar. (1x2) (2)

**[13]**

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Waarom is die foto geneem? (1x1) (1)

3.4.2 Definieer die term *segregasie* in historiese verband. (1x2) (2)

3.4.3 Verduidelik ŉ "swem-in" in historiese konteks. (1x2) (2)

**[5]**

3.5 Deur die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n paragraaf van TIEN tot VYFTIEN reëls, waarin jy bespreek hoe die Burgerregtebeweging segregasie in die Verenigde State in die 1950's en 1960's uitgedaag het. **[8]**

## TOTAAL VRAAG 3: [50]

## AFDELING B: OPSTELLE

*Ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, moet uit die afdeling beantwoord word. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.*

**VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIÈTNAM**

Bespreek die Verenigde State se oorlogspoging gedurende die Viëtnamese-oorlog tussen 1954 en 1975 krities. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

Verduidelik die impak van Mobutu Sese Seko se beleide op die ontwikkeling van die Kongo na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

Ontleed (analiseer) die verskeie rolspelers in die Swartmagbeweging se bydraes om diskriminasie teen die Afro-Amerikaners in die 1960's te beëindig. **[50]**

**GROOTTOTAAL: [150]**